

Handelinge 14

Handelinge 14:1-28

1 En op dieselfde wyse het hulle in Ikónium in die sinagoge van die Jode ingegaan en so gesprek dat 'n groot menigte Jode sowel as Grieke gelowig geword het.

2 Maar die ongehoorsame Jode het die gemoedere van die heidene teen die broeders opgehits en verbitter. 3 Hulle het toe 'n geruime tyd daar deurgebring en vrymoediglik gesprek in die Here, wat aan die woord van sy genade getuienis gegee het deur te beskik dat tekens en wonders deur hulle hande plaasvind. 4 En die menigte van die stad was verdeeld, en sommige het met die Jode en ander met die apostels saamgegaan. 5 Maar toe daar onder die heidene en ook onder die Jode, saam met hulle owerstes, 'n beweging ontstaan het om hulle te mishandel en te stenig, 6 het hulle dit gewaargeword en gevlug na die stede van Likaónië, Listre en Derbe en die omstreke. 7 En daar het hulle die evangelie verkondig.

8 En in Listre het daar 'n man gesit wat magteloos was aan sy voete, kreupel van sy geboorte af, en hy het nooit geloop nie. 9 Hy het geluister terwyl Paulus spreek; en Paulus het die oë op hom gehou, en, toe hy sien dat hy geloof het om gesond te word, 10 met 'n groot stem gesê: Staan regop op jou voete!

En hy het opgespring en begin rondloop. 11 En toe die skare sien wat Paulus gedoen het, verhef hulle hul stem en sê in Likaónies: Die gode het soos mense geword en neergedaal na ons toe.

12 En hulle het vir Bárnabas Júpiter genoem, en vir Paulus Mercurius, omdat hy die woordvoerder was. 13 En die priester van Júpiter wie se tempel voor hulle stad was, het stiere en kranse na die poorte gebring en wou saam met die skare offer. 14 Maar toe die apostels, Bárnabas en Paulus, dit hoor, het hulle hul klere geskeur en onder die skare ingespring en geroep 15 en gesê: Manne, waarom doen julle hierdie dinge? Ons is net sulke mense soos julle, en ons verkondig die evangelie dat julle jul van hierdie nietige dinge moet bekeer tot die lewende God wat die hemel en die aarde en die see en alles wat daarin is, gemaak het. 16 Hy het in die tye wat verby is, toegelaat dat al die nasies in hulle eie weë sou wandel, 17 al het Hy Homself nie onbetuig gelaat nie, deur goed te doen, van die hemel vir ons reën en vrugbare tye te gee en ons harte met voedsel en vrolikheid te vervul.

18 Selfs met hierdie woorde het hulle met moeite die skare verhinder om aan hulle te offer.

19 Maar daar het Jode van Antiochië en Ikónium aangekom, en hulle het, nadat hulle die skare omgepraat het, Paulus gestenig en hom buitekant die stad gesleep, met die gedagte dat hy dood was. 20 Maar toe die dissipels hom omring, het hy opgestaan en in die stad gekom en die volgende dag saam met Bárnabas na Derbe vertrek.

21 En nadat hulle aan daardie stad die evangelie verkondig en 'n aantal dissipels gemaak het, het hulle teruggegaan na Listre en Ikónium en Antiochië, 22 en die siele van die dissipels versterk en hulle vermaan om in die geloof te bly deur te sê: Ons moet deur baie verdrukkinge in die koninkryk van God ingaan.

23 En hulle het in elke gemeente vir hulle ouderlinge gekies, en hulle, ná gebed en vas, opgedra aan die Here in wie hulle geglo het.

24 Toe gaan hulle deur Pisídië en kom in Pamfílië; 25 en nadat hulle die woord in Perge verkondig het, het hulle afgegaan na Attálië. 26 En daarvandaan het hulle weggevaar na Antiochië, waar hulle aan die genade van God opgedra was vir die werk wat hulle volbring het. 27 En toe hulle daar kom en die gemeente saamgeroep het, het hulle verslag gedoen van al die dinge wat God met hulle gedoen het, en dat Hy 'n deur van geloof vir die heidene geopen het. 28 En hulle het daar by die dissipels 'n geruime tyd deurgebring.

1. Handeling 14:1-7 – Die verkondiging in Ikonium

1 En op dieselfde wyse het hulle in Ikónium in die sinagoge van die Jode ingegaan en so gesprek dat 'n groot menigte Jode sowel as Grieke gelowig geword het. 2 Maar die ongehoorsame Jode het die gemoedere van die heidene teen die broeders opgehits en verbitter. 3 Hulle het toe 'n geruime tyd daar deurgebring en vrymoediglik gesprek in die Here, wat aan die woord van sy genade getuienis gegee het deur te beskik dat tekens en wonders deur hulle hande plaasvind. 4 En die menigte van die stad was verdeeld, en sommige het met die Jode en ander met die apostels saamgegaan. 5 Maar toe daar onder die heidene en ook onder die Jode, saam met hulle owerstes, 'n beweging ontstaan het om hulle te mishandel en te stenig, 6 het hulle dit gewaargeword en gevlug na die stede van Likaónië, Listre en Derbe en die omstreke. 7 En daar het hulle die evangelie verkondig.

1.1 Vrae by Handeling 14:1-7

1. Waarom het Paulus weer in die sinagoge in Ikonium begin verkondig terwyl hulle uit die sinagoge van Anthiochië verdryf is? (vers 1)
2. Wat was die resultate van die verkondiging in die sinagoge? (vers 1)
3. Watter reaksie het Paulus-hulle nog in Ikonium beleef? (vers 2)

Paulus en Barnabas hou vol by hulle werkswyse waarmee hulle nog in Salamis op Ciprus begin het. Hulle verkondig heel eerste die evangelie in die sinagoge in Ikonium. **Daar is immers mense wat al die Woord van die Here leer ken het en by wie die verwagting van die Messias al gegroei het.** Die feit dat hulle uit die sinagoge in Anthiochië verdryf is, het nie gemaak dat hulle elke volgende sinagoge vermy het nie. Hierin sien ons ook weer die wysheid waarmee die Heilige Gees die apostels lei. Hulle moet eerste aan die Jode en die Godvresendes die evangelie verkondig. Indien hierdie mense die verkondiging verwerp, gaan hulle verder om die evangelie aan die heidene te verkondig.

Soos in Anthiochië het dit ook hier in Ikonium gebeur dat **daar onder die Jode sowel as onder die Grieke mense was wat tot geloof in Jesus Christus gekom het.** Dieselfde evangelie is aan albei groepe verkondig in die sinagoge. Vir die Jode en die Grieke is die verlossing net in Jesus Christus alleen te vind. Vir Paulus en Barnabas sou hierdie resultate wat die Heilige Gees bewerk het bemoedigend wees veral na hulle slegte ondervinding van die Jode se kant af in Anthiochië.

Alhoewel daar 'n groot aantal Jode en Grieke tot geloof in Jesus Christus gekom het, was daar ook nog mense wat nie tot geloof gekom het nie. Lukas noem veral die ongehoorsame Jode. Dit is die Jode wat soos die Jode van Anthiochië die apostels se verkondiging weerspreek het en lasterlike dinge ten opsigte van Jesus Christus kwyt geraak het. **Dit is tog opmerklik dat hierdie Jode wat nie die evangelie van Jesus Christus wil aanvaar nie tog die heidene in hulle stryd teen die apostels aanhits.**

Gewoonlik het die Jode 'n eksklusiewe houding teenoor heidene oor 'n klomp

godsdienstige sake. Maar wanneer hulle sien daar is vir hulle voordeel in om met die heidene saam te span teen die evangelie van Christus, doen hulle dit sonder om twee keer te dink. Hierdie ongehoorsame Jode het die evangelie nie net verwerp nie, maar saam met die heidene aktief daaraan meegewerk om die evangelie van Christus in onguns te bring by die inwoners van Ikonium.

4. Waarom het Paulus-hulle 'n geruime tyd in Ikonium deurgebring? (vers 3)
5. Hoe het die Here die verkondiging bevestig? (vers 3)
6. Watter uitwerking het die verkondiging saam met die wonders en tekens op die inwoners van Ikonium gehad? (vers 4)

In Ikonium het daar 'n groot menigte Jode sowel as Grieke tot geloof gekom in Jesus Christus. Maar daar was ook ongehoorsame Jode wat die heidene teen Paulus-hulle aangehits het. Daarom sal 'n mens twee redes kan noem waarom Paulus en Barnabas vir 'n geruime tyd in Ikonium deurgebring het. **Die eerste rede** is die groot menigte wat gelowig geword het. Die bekering van die mense in Ikonium was vir Paulus en Barnabas die aanduiding deur die Heilige Gees om nog eers daar te vertoef en die mense verder in die Woord van die Here te onderrig. **Die tweede rede** was om nie net onderrig te gee nie, maar hierdie nuwe bekeerlinge moet so toegerus word dat hulle teen die velle aanslae van die ongehoorsame Jode en heidene staande kan bly. Paulus en Barnabas het vir solank as wat die Heilige Gees hulle in Ikonium laat bly het met vrymoedigheid die evangelie verkondig om die gelowiges te onderrig en toe te rus vir die stryd teen die bose aanslae wat hulle ervaar het.

Lukas berig dat die Here getuienis gegee het aan die woord van sy genade. **Hierdie getuienis wat die Here gegee het was die tekens en wonders wat Hy beskik het deur die hande van Paulus en Barnabas.** Die woord van die Here se genade is die evangelie van verlossing deur Jesus Christus. Hierdie evangelie het die Here bevestig deur die tekens en wonders wat Hy deur Paulus en Barnabas laat plaasvind het. Onder hierdie tekens en wonders kan 'n mens die genesing van siekes verstaan, soos wat al vroeër deur die apostels plaasgevind het. Op 'n konkrete wyse het die Here aan die mense Ikonium getoon wat die verlossing deur Jesus Christus

veroorzaak.

Daar het 'n verdeeldheid onder die inwoners van Ikonium ontstaan. Daar was alreeds 'n menigte Jode en Grieke wat met die evangelie oortuig geraak het en gelowig geword het. Maar daar was ook ongehoorsame Jode wat 'n weersin in die evangelie gehad het toe hulle dit hoor. Met die wonders en tekens wat die Here beskik het deur die hande van die apostels het die verdeeldheid onder die inwoners net groter geword. Sommige van die inwoners het die kant van die Jode gekies deur te glo dat die apostels se woorde nie waar kan wees nie. Ander is deur die wonders en tekens oortuig dat die apostels tog die waarheid spreek en hulle het die kant van die apostels gekies.

- | |
|---|
| <ol style="list-style-type: none">7. Waartoe het die verdeeldheid onder die inwoners gelei? (vers 5)8. Hoe het Paulus en Barnabas op hierdie toedrag van sake gereageer? (vers 6)9. Wat het Paulus-hulle in Listre en Derbe gaan doen? (vers 7) |
|---|

Aangevuur deur die bose haat van die Woord van die Here het die heidene saam met die Jode gewerk om hulle aanslag teen die apostels te vergroot. Onder hierdie heidene en Jode het **die gedagte ontstaan dat hulle die apostels moet mishandel en stenig**. Dit sal die enigste manier wees om van hulle ontslae te raak.

Aanvanklik het die ongehoorsame Jode die inisiatief geneem teen Paulus-hulle. Maar die haat en verwerping onder die heidene het nou sodanig gegroei dat Lukas die heidene eerste noem wanneer hy berig van die beweging wat ontstaan het om van Paulus-hulle ontslae te raak. Selfs die owerstes van die Jode het deelgeneem aan hierdie beweging teen Paulus-hulle en dit was versterkend vir diegene wat die Woord verwerp het.

Steniging sou alleenlik kon plaasvind indien daar 'n Joodse hofsitting was waar ten minste twee getuies teen Paulus-hulle opgestaan het. In 'n gebied onder Romeinse heerskappy sou so iets onwaarskynlik gebeur het. Daarom kan 'n mens aflei dat die steniging wat die mense ingedagte gehad het eerder die resultaat is van 'n massa optrede as wat daar enigsins iets ordeliks of wettigs aan was.

Paulus en Barnabas het agterkom waarop die haat van die inwoners van Ikonium gaan uitloop. **Daarom het hulle na Likaonië gevlug.** Afgesien daarvan dat Paulus-hulle vir hulle lewens gevlug het, is dit regverdig om aan te neem dat hulle dit ook onder leiding van die Heilige Gees gedoen het. 'n Mens het immers die verantwoordelikheid om jou eie lewe ook sover moontlik te beskerm. Hulle dood as martelare sou in hierdie stadium nie waarde aan die verspreiding van die evangelie toevoeg nie.

Waarom hulle juis na Likaonië gevlug het, kan seker toegeskryf word aan die feit dat dit in 'n ander politiese streek val as waarin Ikonium geleë is. Paulus as Romeinse burger sou die voordeel ken van om oor die grens te gaan en hy het daarvan gebruik gemaak. Listre was sowat 32 kilometer ver van Ikonium geleë.

Paulus en Barnabas het in Listre die evangelie gaan verkondig. Die Here het reeds in Ikonium tekens en wonders deur hulle laat plaasvind ter bevestiging van die Woord van genade. Maar wanneer Paulus-hulle verder gaan, reis hulle nie as wonderwerkers nie, maar as verkondigers. Hulle oogmerk is nie om mense met wonderwerke vir Christus te wen nie. Die Heilige Gees roep mense met die Woord en werk met die Woord die wedergeboorte. Indien die Here dit nodig ag laat Hy wonders deur hulle plaasvind.

2. Handeling 14:8-20 – Die verkondiging in Listra

8 En in Listre het daar 'n man gesit wat magteloos was aan sy voete, kreupel van sy geboorte af, en hy het nooit geloop nie. 9 Hy het geluister terwyl Paulus spreek; en Paulus het die oë op hom gehou, en, toe hy sien dat hy geloof het om gesond te word, 10 met 'n groot stem gesê: Staan regop op jou voete!

En hy het opgespring en begin rondloop. 11 En toe die skare sien wat Paulus gedoen het, verhef hulle hul stem en sê in Likaónies: Die gode het soos mense geword en neergedaal na ons toe.

12 En hulle het vir Bárnabas Júpiter genoem, en vir Paulus Mercurius, omdat hy die woordvoerder was. 13 En die priester van Júpiter wie se tempel voor hulle stad was, het stiere en kranse na die poorte gebring en wou saam met

die skare offer. 14 Maar toe die apostels, Bárnabas en Paulus, dit hoor, het hulle hul klere geskeur en onder die skare ingespring en geroep 15 en gesê: Manne, waarom doen julle hierdie dinge? Ons is net sulke mense soos julle, en ons verkondig die evangelie dat julle jul van hierdie nietige dinge moet bekeer tot die lewende God wat die hemel en die aarde en die see en alles wat daarin is, gemaak het. 16 Hy het in die tye wat verby is, toegelaat dat al die nasies in hulle eie weë sou wandel, 17 al het Hy Homself nie onbetuig gelaat nie, deur goed te doen, van die hemel vir ons reën en vrugbare tye te gee en ons harte met voedsel en vrolikheid te vervul.

18 Selfs met hierdie woorde het hulle met moeite die skare verhinder om aan hulle te offer.

19 Maar daar het Jode van Antiochië en Ikónium aangekom, en hulle het, nadat hulle die skare omgepraat het, Paulus gestenig en hom buitekant die stad gesleep, met die gedagte dat hy dood was. 20 Maar toe die dissipels hom omring, het hy opgestaan en in die stad gekom en die volgende dag saam met Bárnabas na Derbe vertrek.

2.1 Vrae by Handeling 14:8-20

1. Watter ooreenkoms is daar tussen hierdie kreupel man en die kreupel man in Handeling 3? (vers 8)
2. Wat het hierdie kreupel man gedoen en wat het Paulus opgemerk? (vers 9)
3. Hoe is hierdie kreupel man genees? (vers 10)

Paulus en Barnabas het in Listre aangekom wat ook 'n Romeinse kolonie was. Lukas maak geen melding van 'n sinagoge in hierdie stad nie. Moontlik was daar te min Jode in Listre om 'n sinagoge te begin. Daarom het Paulus en Barnabas dadelik met die verkondiging onder die hele bevolking van Listre begin – en hulle was almal afgodsdienaars.

Die ooreenkoms tussen hierdie kreupel man en die kreupel man van Handeling 3 is dat albei van hulle **van hulle geboorte af kreupel was en dus nog nooit kon loop nie**. Petrus en Johannes het ook die kreupel man by die tempel stip aangekyk, **soos wat Paulus sy oë op hierdie man gehou het** terwyl hy die

evangelie aan die mense verkondig het.

Die genesing wat die Here deur Petrus en Johannes gedoen het, het daarop uitgeloop dat Petrus en Johannes gevange geneem is en deur die Joodse Raad gedreig is om nie verder die Naam van Jesus te spreek of te verkondig nie. Die ooreenkomste tussen die twee kreupel manne maak dat 'n mens verder wil sien wat gaan met Paulus en Barnabas gebeur.

Anders as by Petrus en Johannes – die Here het eers die wonder deur hulle gedoen en daarna het hulle die evangelie verkondig – was Paulus besig om die evangelie aan die mense van Listre te verkondig. Terwyl Paulus besig was om die evangelie te verkondig, **het hierdie kreupel man aandagtig na die verkondiging van die evangelie geluister**. Onder die verkondiging het die Heilige Gees 'n verandering in die hart van die kreupel man gebring. Die Heilige Gees het ook Paulus se aandag gevestig op die verandering wat by die kreupel man gekom het. **Paulus het opgemerk dat die kreupel man tot die oortuiging gekom het dat die Here Jesus hom ook kan genees**.

Met hierdie gewaarwording is Paulus deur die Here verseker dat Hy die kreupel man wil genees. Daarom het Paulus in opdrag van die Here die man beveel om regop op sy voete te gaan staan. **Die Here Jesus het hierdie kreupel man wonderbaarlik genees**. Paulus het slegs in opdrag van die Here die woorde gespreek om op te staan. Paulus het nie eers aan hom geraak of hom opgehelp soos wat Petrus met die kreupel man by die tempel gedoen het nie. Die Here Jesus het die evangelie wat Paulus verkondig bevestig met hierdie wonder.

Die bewys dat die kreupel man werklik oortuig was dat die Here hom kan genees, is die feit dat hy in antwoord op Paulus se woorde opgestaan het. Die man was so oortuig dat hy nie net opgestaan het nie – hy het opgespring en begin rondloop.

- | |
|--|
| <p>4. Wat was die skare se gewaarwording van die kreupel man wat genees is? (vers 11)</p> <p>5. Waarom noem Lukas uitdruklik dat die skare in Likaonies gepraat het? (vers 11)</p> |
|--|

- | |
|---|
| 6. Na wie het die skare vir Paulus en Barnabas vernoem? (vers 12) |
| 7. Wat wou die skare uiteindelik gedoen het? (vers 13) |

Aangesien die skare uit en uit heidens was en waarskynlik ook nog nie behoorlik begrip gehad van wat Paulus en Barnabas nou eintlik kom doen het nie, het hulle net raakgesien wat Paulus gedoen het. Hulle het gehoor hoe Paulus vir die kreupel man sê dat hy moet opstaan en die volgende oomblik het die man opgespring en rondgeloop. **Vir die skare was daar net een logiese afleiding – Paulus het die man genees.** Dit is wat hulle opmerk.

Vir die skare heidene was daar dan ook net een verklaring vir dit wat nou aan die gebeur is – die gode het soos mense geword en na hulle toe gekom. Dit is wat hulle in hulle moedertaal dan ook hardop gesê het. Lukas maak uitdruklik melding dat die skare in Likaonies gepraat het. Gewoonlik het mense drie tale gebesig in daardie tyd – Latyn, die amptelike taal, Grieks die algemene spreektaal en dan die plaaslike taal van die streek. Paulus en Barnabas het Grieks en Latyn verstaan, maar nie Likaonies nie. **Daarom het hulle nie begryp wat aan die gang is totdat die priester van Jupiter saam met die skare die offer by die tempel van Jupiter wou bring nie.**

Die skare het nog geen bekering ondergaan nie, want hulle begrip oor gode is nogsteeds heidens. **Hulle het vir Barnabas Jupiter genoem.** Jupiter was die hoofgod van die Romeine en in Grieks is hy Zeus genoem. **Hulle het vir Paulus Mercurius genoem** omdat hy die praatwerk gedoen het. Mercurius is die woordvoeder van Jupiter en hy is in Grieks Hermes genoem. Vir die heidene was dit nie 'n vreemde gedagte dat gode soos mense word en tussen mense op aarde beweeg nie. As gevolg van die wonderwerk wat die Here Jesus gedoen het, het die skare verkeerdelik die afleiding gemaak dat die gode nou soos mense geword het en na hulle toe gekom het.

Die skare was vasberade om eer aan Paulus en Barnabas te bring deur hulle as gode te vereer. Die priester van Jupiter was van plan om die bees aan Paulus en Barnabas te offer. Dit was eers toe Paulus behoorlik gesnap het wat die

aangang is dat hulle die skare tot bedaring kon roep en aan hulle die waarheid verkondig.

8. Waarom het Paulus en Barnabas hulle klere geskeur? (vers 14)
9. Hoe beskryf Paulus die afgodery waarmee die mense van Listra besig is? (vers 15)
10. Hoe verskil die verkondiging aan die heidene van die verkondiging aan die Jode? (vers 15-17)
11. Wat word bedoel met die woorde: *Hy het in die tye wat verby is, toegelaat dat al die nasies in hulle eie weë sou wandel?* (vers 16)
12. Hoe het God Hom nie onbetuig gelaat nie? (vers 17)
13. Watter uitwerking het hierdie woorde van Paulus op die skare gehad? (vers 18)

Om jou klere te skeur is 'n tipies Joodse gebruik wanneer daar droefheid is. Paulus en Barnabas het hulle klere in hierdie geval geskeur **omdat die skare godslasterlik met hulle opgetree het** (vgl. Mark 14:63). Die mense van Listra het vir Paulus en Barnabas as gode van hulle afgodery aangesien en was van plan om aan hulle 'n offer te bring. Paulus kan dit egter nie toelaat dat hierdie mense aan hulle die eer bring wat uitsluitlik aan God verskuldig is nie. Daarom het hulle bygevoeg dat hulle net mense is soos al die ander mense wat daar teenwoordig is.

Paulus sê duidelik wat hy en Barnabas eintlik in Listra kom doen het. Hulle het hulle nie as gode kom voordoen of voorstel nie. Hulle het gekom om aan die mense van Listra die evangelie te verkondig. Hierdie evangelie behels dat die mense van Listra hulle van die afgodery moet bekeer tot die ware God. En in baie skerp woorde het Paulus die afgodery **nietige dinge** genoem. Die afgodery waarmee die mense besig is, is nutteloos en geheel en al onwaar en sal geen voordeel vir hulle oplewer nie. Die Here het aan Paulus en Barnabas die vrymoedigheid gegee om reguit die valsheid van die afgodery aan te dui terwyl die mense rondom hulle almal afgodsdienaars was.

Wanneer Paulus aan hierdie heidene verkondig **begin hy nie met God se uitverkiesing van Israel nie** en daar is ook geen kennis van die Skrif waarop hy

kan reken nie. Hy begin by die skeppings- en regeringswerk van God. Hy begin met die dinge wat ook aan die heidene bekend is. Paulus begin met God wat die hemel en die aarde geskep het en hy eindig deur hulle daarop te wys hoe goed God is. Die Here gee reën en vrugbare tye sodat daar kos en vrolikheid vir mense kan wees. Dit is die lewende God se werk en nie een van die selfuitgedinkte gode van die heidene nie.

Paulus en Barnabas het gesê wat hulle kom doen het in Listre – hulle het nie as gode na die stad gekom nie, maar as verkondigers van die evangelie, sodat die mense van Listre hulle van die nietige dinge tot die lewende God kan bekeer. Die lewende God is die Skepper van hemel en aarde en die see en alles wat daarin is. Dit is nie die selfgemaakte afgode van die heidene wat die hemel en die aarde geskep het nie.

Paulus gaan voort om te getuig wat God in die verlede gedoen het. **Hy het in die tye wat verby is, toegelaat dat al die nasies in hulle eie weë sou wandel.** Met hierdie woorde sê Paulus dat die Here in die verlede toegelaat het dat al die nasies op die weë sou wandel wat hulleself uitgedink het. Mense wat God nie ken nie omdat die kennis van God deur hulle eie moedswilligheid onderdruk was, probeer verklarings vir alles in die skepping kry. Daarom het hulle die verskynsels in die natuur aan verskeie uitgedinkte gode toegeskryf. Hierdie manier van dink oor die skepping is die **eie weë** van die nasies. Al die nasies wandel so in hulle eie weë omdat God Homself nie in besonder aan hulle bekend gemaak het nie behalwe aan Israel die nageslag van Abraham.

Alhoewel die nasies in hulle eie weë gewandel het, het God Homself nie onbetuig gelaat nie. **Die getuienis van God is die dinge wat Hy vanuit die hemel gedoen het.** Hy het goed gedoen aan mense, want Hy het aan hulle die lewe gegee. Verder gee Hy reën en vrugbare tye om die lewe van die mense te onderhou sodat hulle voedsel sal hê. In sy goedheid vul die Here mense met voedsel en hulle harte met vrolikheid.

Die skare mense was egter so opgesweep deur hulle eie gedagtes dat Paulus en Barnabas moeite gehad het om te keer dat die skare aan hulle 'n offer

bring. Dit blyk dat die meerderheid van die skare hulle nie aan Paulus en Barnabas se woorde gesteur het nie. Hulle wou voortgaan om die offer die bring omdat hulle vas oortuig was dat Paulus en Barnabas hulle gode is. Maar Paulus en Barnabas se aanhoudende verkondiging van die lewende God het die skare stadig maar seker traer gemaak om die offer te bring. Die aansien wat baie mense van Paulus en Barnabas gehad het, sou ook sekerlik afgeneem het namate hulle besef het dat Paulus en Barnabas regtig net mense is soos hulle.

14. Waarom het die Jode van Anthiochië en Ikonium in Listre aangekom? (vers 19)
15. Wie het vir Paulus gestenig en hom buitekant die stad gesleep? (vers 19)
16. Wie is die dissipels wat Paulus omring het? (vers 20)
17. Waarom het Paulus weer in die stad ingegaan? (vers 20)

Die Jode van Anthiochië was met nydigheid vervul teenoor Paulus en die evangelie wat hy verkondig toe hulle die groot skare mense in die sinagoge opgemerk het (Hand 13:45). Te midde daarvan dat baie Jode en heidene in Anthiochië tot bekering gekom het, het die Jode saam met die heidene wat hulle kon opsweep 'n vervolging teen Paulus-hulle begin en hulle so uit Anthiochië verdryf.

In Ikonium het dieselfde gebeur as in Anthiochië. Daar het Jode en heidene tot bekering gekom, maar die ongelowige Jode het die heidene opgesweep teen Paulus en die evangelie. Hierdie keer was die Jode van plan om die apostels aan te rand en te stenig.

Dit kom dus voor dat dit van hierdie ongelowige Jode uit Anthiochië en Ikonium is wat in Listre aangekom het. **Hulle was fanaties en vasberade om van Paulus en die evangelie ontslae te raak.** Hulle het immers baie ver gekom om dit te doen – Anthiochië is bykans honderd en tagtig kilometer ver van Listre af.

Hierdie Jode het in die stad aangekom nadat Paulus en Barnabas die heidene tot die besef gebring het dat hulle net gewone mense is. Hierdie besef was vir verskeie van die heidene in Listre 'n teleurstelling waaroor hulle maklik met ander mense sou praat. Toe die Jode van hierdie teleurstelling onder die heidene verneem het, het

hulle die heidene omgepraat om van Paulus ontslae te raak.

Dit was eers toe die Jode seker was van die heidene se steun dat hulle vir Paulus begin stenig het. **Die Jode het die steniging gedoen.** Iets wat hulle al in Ikonium beplan het. Hierdie steniging het sommer in die stad self plaasgevind. Toe dit vir die mense gelyk het asof Paulus dood is, het hulle hom buitekant die stad gesleep.

In hierdie optrede van die heidene teenoor Paulus sien 'n mens hoe maklik mense van opinie kan verander. Hulle was vasberade om aan Paulus en Barnabas 'n offer te bring omdat hulle oortuig was dat Paulus-hulle gode is. Maar binne enkele dae het hulle totaal omgeswaai en was vasberade om saam met die ongelowige Jode van Paulus ontslae te raak.

Lukas meld nie hoeveel in die reisgeselskap van Paulus was nie. Dit is moontlik dat Paulus en Barnabas nie alleen gereis het nie, maar dat ander Christene hulle vergesel het. In Listre weet ons ten minste van die kreupel man wat genees is wat ook 'n gelowige geword het (Hand 14:8-9). En uit Handeling 16 weet ons ook dat Timoteus van Listre afkomstig was. **Dus is die dissipels wat Paulus omring het die mense in Listre wat gelowige geword het.**

Lukas berig nie dat die dissipels iets aan Paulus gedoen het nie. Hulle het waarskynlik rondom Paulus gaan staan ook met die gedagte dat hy reeds gesterf het. Die Here het egter sy dienskneg bewaar en hom die krag gegee om weer op te staan. Paulus het weer in die stad ingegaan, **sodat die ongelowiges kon besef hoe groot en almagtig die Here is wat Paulus aan die heidene verkondig het.**

3. Handeling 14:21-28 – Verkondiging in Derbe en terugkeer na Antiochië in Sirië

21 En nadat hulle aan daardie stad die evangelie verkondig en 'n aantal dissipels gemaak het, het hulle teruggegaan na Listre en Ikónium en Antiochië, 22 en die siele van die dissipels versterk en hulle vermaan om in die geloof te bly deur te sê: Ons moet deur baie verdrukkinge in die koninkryk van God ingaan.

23 En hulle het in elke gemeente vir hulle ouderlinge gekies, en hulle, ná gebed

en vas, opgedra aan die Here in wie hulle geglo het.

24 Toe gaan hulle deur Pisídië en kom in Pamfilië; **25** en nadat hulle die woord in Perge verkondig het, het hulle afgegaan na Attálië. **26** En daarvandaan het hulle weggevaar na Antiochië, waar hulle aan die genade van God opgedra was vir die werk wat hulle volbring het. **27** En toe hulle daar kom en die gemeente saamgeroep het, het hulle verslag gedoen van al die dinge wat God met hulle gedoen het, en dat Hy 'n deur van geloof vir die heidene geopen het. **28** En hulle het daar by die dissipels 'n geruime tyd deurgebring.

3.1 Vrae by Handeling 14:21-28

- | |
|--|
| <ol style="list-style-type: none">1. Wat is bekend aangaande Derbe? (vers 20b-21a)2. Waarom het Paulus-hulle na dieselfde stede teruggegaan? (vers 21b)3. Wat het hulle in die stede gaan doen? (vers 22-23) |
|--|

Nadat Paulus in Listre gestenig is, het hy en Barnabas die volgende dag na **Derbe** vertrek. Derbe is ook in Likaonië en is sowat 97km suidoos van Listre. In hierdie stad het Paulus en Barnabas ook die evangelie verkondig en 'n aantal heidene het daar tot geloof gekom. Lukas berig niks meer oor die werk in Derbe nie. Al wat verder nog van die stad bekend is, is dat Gaius wat van Derbe afkomstig is deel uitgemaak het van Paulus se reisgeselskap toe hy aan die einde van sy derde sendingreis na Anthiochië in Sirië teruggekeer het (Hand 20:4).

Lukas sê nie waarom Paulus-hulle nie verder oos gereis het nie. Uit die geografiese inligting is dit bekend dat die koninkryk van Anthiochus oos van Derbe geleë is en oos daarvan is Silisië waarvandaan Paulus gekom het. **Dit wil dus blyk dat Paulus en Barnabas hulle werksaamhede vir eers tot die provinsie Galasië beperk het.** Alhoewel dit nie uitdruklik genoem word nie, kan ons weet dat die Heilige Gees vir Paulus en Barnabas gelei het om van Derbe af terug te keer na die ander stede waar hulle reeds gewerk het – Listre, Ikonium en Anthiochië in Pisidië.

Tydens Paulus en Barnabas se eerste besoek aan hierdie stede het hulle die evangelie aan die mense verkondig en die Heilige Gees het baie mense – Jode sowel as heidene – tot geloof gebring. Dit was nie net genoeg dat mense tot

bekering en geloof in Jesus Christus kom nie. Hierdie nuwe gelowiges moet ook groei in hulle geloof. Daarom het Paulus en Barnabas die gelowiges in hierdie stede gaan **versterk en vermaan om in die geloof te bly**. Hierdie versterking en vermaning het ook geskied deur die verkondiging van die evangelie.

Die een saak waarop Paulus en Barnabas veral klem op gelê het, so berig Lukas, was **om die gelowiges te versterk en te vermaan aangaande die verdrukkinge wat hulle as gelowiges sal beleef** en miskien reeds beleef het. Die gelowiges moet weet dat hulle nou deur die Heilige Gees in die koninkryk van God ingelei is. En die koninkryk van God verdring die koninkryk van die duisternis wat in hierdie wêreld aan die werk is. Daarom sal die gelowiges verdrukking beleef. Dit wat met Paulus en Barnabas gebeur het in al drie hierdie stede is die bewys van die verdrukkinge wat gelowiges sal beleef.

Verder het Paulus en Barnabas **die gelowiges in hierdie stede in gemeentes georganiseer deur ouderlinge te bevestig** om voorgangers in die gemeentes te wees. Hierdie ouderlinge sou manne wees wat in besonder deur die Heilige Gees begenadig is in kennis van die Skrif sodat hulle die leiding kon neem in die gemeentes. Dit word ook weer hier duidelik hoe belangrik gebed vir die apostels was. Die apostels het op die punt gestaan om terug te gaan na Anthiochië in Sirië. Die gemeentes in hierdie stede kon nie van Paulus en Barnabas afhanklik wees nie, maar van die Here. **Daarom het Paulus en Barnabas saam met die gemeentes gevas en gebid vir die leiding van die Heilige Gees**. Wanneer Paulus-hulle vertrek, dra hulle die gemeentes aan die Here op in wie hulle geglo het. Hulle het vertrou dat die Here sy kerke sal bewaar en laat groei in hierdie stede, want dit is die Here se kerke.

4. Hoe het Paulus en Barnabas se terugreis verloop? (vers 24-26)

5. Hoe benoem Lukas die stad Anthiochië in Sirië? (vers 26)

Van Derbe af het Paulus en Barnabas so te sê op hulle voetspore teruggegaan deur Listre, Ikonium en Anthiochië in Pisidië. Nadat hulle die gemeentes versterk en bemoedig het en ook ouderlinge bevestig het, het hulle weer oor die

Taurusberge suid gegaan na Pamfilië toe. Hierdie keer het Paulus-hulle meer aandag geskenk aan Perge se inwoners. Toe hulle die eerste keer vanaf Pafos daar aangekom het, het hulle dadelik na Anthiochië in Pisidië vertrek (Hand 13:14). Waarskynlik was dit as gevolg van Paulus se ongesteldheid dat hulle destyds so gou van Perge na die binneland vertrek het (vgl. Gal 4:13).

Net soos in die geval van Derbe berig Lukas net dat Paulus die evangelie in Perge verkondig het. Hy sê niks meer nie. Na hulle vertoef in Perge is hulle na Attalia – die hawe van Pamfilië. Van daar af het hulle reguit na Anthiochië in Sirië vertrek.

Wanneer Lukas van Anthiochië in Sirië skryf, sê dit is **waar hulle aan die genade van God opgedra was vir die werk wat hulle volbring het**. Destyds (Hand 13:1-3) toe die Heilige Gees dit aan die gemeente in Anthiochië duidelik gemaak het dat Paulus en Barnabas vir Hom afgesonder moet word, het die gemeente saam gebid en hulle die hande opgelê. So het die gemeente vir Paulus en Barnabas aan die genade van die Here opgedra. Die genade van die Here was inderdaad met Paulus-hulle regdeur die reis. Hy het hulle geseën om die evangelie duidelik oor te dra sodat Jode en heidene tot geloof kon kom. Hy het hulle beskerm van die gevare van vervolging. En selfs in die benoudste oomblikke toe Paulus gestenig is, het Hy Paulus se lewe bewaar om met die werk voort te gaan.

6. Wat het Paulus en Barnabas in Anthiochië gedoen? (vers 27)

7. Wat het die Here in besonder vir die heidene gedoen? (vers 27)

Dit is nie moontlik om vanuit Lukas se beskrywing van die gebeure te bepaal hoe lank die eerste sendingreis geduur het nie. Daar is verklaarders wat meen dat dit na benadering tussen 'n jaar en twee jaar geduur het. Hoe dit ook al sy, die Here het vir Paulus en Barnabas veilig teruggebring in Anthiochië vanwaar hulle vertrek het. Aangesien hierdie gemeente in opdrag van die Heilige Gees vir Paulus en Barnabas afgesonder het vir die werk waarvoor Hy hulle wou gebruik, is dit regverdig dat Paulus en Barnabas ook aan die gemeente **verslag gee van die werk**.

In die verslagdoening word daar vertel wat God met Paulus en Barnabas gedoen

het. Die Here het hulle uitgestuur om die evangelie van Christus te verkondig. Die Heilige Gees het die verkondiging van die evangelie gebruik en Jode sowel as heidene tot bekering en geloof in Jesus Christus gebring. Daarom lê Lukas die klem ook op die Here as die Handelende Een wanneer Paulus-hulle verslag doen.

Vir die gelowiges in Anthiochië was dit bemoedigend om te hoor dat die Here ook aan die heidene in ander wêrelddele die **deur van geloof geopen het**. Dit wat met die enkele heidene in Judea en Samaria gebeur het en dit wat met hulle in Anthiochië wat ook vroeër heidene was gebeur het, was nie 'n frats nie. Dit is die Here se manier van werk – Hy open die deur van geloof vir mense uit elke taal, volk en nasie. Deur die geloof in Jesus Christus wat Hy skenk, red Hy mense van die ewige ondergang en gee aan hulle die ewige lewe. Hierdie werkswyse van God steek verskeie Jode nog dwars in die bors. En dit het gelei tot meningsverskille, die skryf van die brief van Galasiërs en die vergadering van die apostels en ouderlinge in Jerusalem waarvan Lukas in die volgende hoofstuk berig.